**Persverklaring**

# SARS LOODS GEFASEERDE BELASTINGSEISOEN EN VERSOEK BELASTINGPLIGTIGES OM HULLE BEURT AF TE WAG

**Tshwane, 18 Junie 2026** — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) maak hierdie jaar se belastingseisoen maklik en eenvoudig om te bestuur. Met hierdie stelling bied SARS helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges deur hulle te help verstaan hoe die proses gestruktureer is en deur omkeertye vir terugbetalings, verifiëring en indiening te spesifiseer.

"Terwyl vandag se bekendstelling die voortsetting van die belastingseisoen se kommunikasieveldtog aandui, open die belastingseisoen nie vir almal op een slag nie", het SARS Kommissaris dr. Johnstone Makhubu gesê. SARS sal met 'n **outo-aanslagtydperk van 1 tot 12 Julie 2026** begin. **Outo-aanslag** is 'n wêreldklas-innovasie wat wêreldwyd ongekend is vir belastingadministrasies. **SARS baan weereens die weg.** Hierdie proses word toegepas vir belastingpligtiges met minder ingewikkelde belastingsake wie se inligting volledig deur hul werkgewers en ander derdepartydataverskaffers verskaf word.

Outo-aanslag sal deur die breër belastingseisoen gevolg word vanaf **13 Julie tot 23 Oktober 2026** vir voorlopige belastingpligtiges en nievoorlopige belastingpligtiges wat opgawes moet indien. Voorlopige belastingpligtiges het tot **22 Januarie 2027** om hul opgawes in te dien. Die gefaseerde benadering bestuur die vloei van belastingpligtiges, verminder onnodige druk op dienskanale en verskaf sekerheid oor wanneer elke belastingpligtige moet optree. **Belastingpligtiges word versoek om nié na SARS se dienssentrums te gaan tydens die outo-aanslagtydperk nie.** SARS verwag om hierdie jaar nagenoeg 6 miljoen outo-aanslae in hierdie tydperk uit te reik.

Kommissaris Makhubu het by vandag se bekendstelling besin oor die ervaring van gewone belastingpligtiges. Hy het genoem dat indiening dikwels met vrae begin en soms ook met onsekerheid oor watter inligting SARS beskikbaar het, of 'n terugbetaling verskuldig is, of verifiëring mag plaasvind en watter dokumente 'n belastingpligtige moet indien.

Die kommissaris het voortgegaan: "Ons uitgangspunt hierdie jaar is ons erkenning dat agter elke belastingnommer 'n persoon is wat dit probeer regkry terwyl hulle die druk van alledaagse lewe bestuur.

Met dit in gedagte, moedig SARS belastingpligtiges aan om voor belastingseisoen 'n gesondheidstoets te doen deur persoonlike besonderhede, bankbesonderhede en kontakbesonderhede na te gaan en seker te maak dat hul belastingsake op datum is.

'n Geslote bankrekening, ontbrekende derdepartydata of 'n uitstaande opgawe van 'n vorige jaar kan alles 'n andersins egalige uitkoms vertraag. Deur hierdie aangeleenthede vroeg deur SARS se digitale kanale op te los, plaas belastingpligtiges hulself in die beste posisie vir 'n vaartbelyne belastingseisoenervaring. Soos miljoene ander belastingpligtiges, wag vir 'n kennisgewing van SARS om te bepaal of jy deel van dié groep is. Deur derdepartydata te gebruik, kan SARS hierdie belastingpligtiges rekonsilieer en outomaties aanslaan.

Belastingpligtiges wat 'n SMS, e-pos of ander SARS-kennisgewing ontvang wat hul inlig dat hul outo-aangeslaan is, **moenie skrik en na SARS se dienssentrums gaan nie**. As hulle saamstem dat die inligting wat aangedui word volledig en korrek is, hoef hulle niks verder te doen nie — ***belasting gebeur eenvoudig vir hulle***.

SARS sal die uitslag vervolgens prosesseer en, as 'n terugbetaling verskuldig is en alle besonderhede is in orde, dit **binne 72 uur uitbetaal.** Dit is die gerief wat SARS in die belastingstelsel inbou, met minder vorms, minder handmatige ingryping en 'n meer vaartbelyne ervaring vir voldoenende belastingpligtiges wie se inligting reeds aan SARS beskikbaar is.

Dr. Makhubu het herhaal dat belastingpligtiges "nie gedurende die outo-aanslagtydperk van 1 tot 12 Julie na SARS se dienssentrums moet stormloop nie". Robuuste stelsels en kapasiteitsverbeterings is geïmplementeer om hoë volumes te hanteer, met 'n virtuele "wagkamer" op eFiling en die SARS MobiApp om skielike toenames in volumes te bestuur. Indien te veel gebruikers gelyktydig aanmeld, sal sommige kortliks in 'n veilige wagkamer geplaas word om te verseker dat die stelsels glad funksioneer.

SARS se kontak- en dienssentrums is ook ten volle beman om ondersteuning te verskaf wanneer nodig, gedurende normale weeksdagure (08:00–16:00). Belastingpligtiges hoef nie **verlof te neem of 'n taxi te neem om 'n SARS-dienssentrum te besoek nie.**

Belastingpligtiges word aangemoedig om eers verbeterde digitale kanale te gebruik voordat hulle 'n besoek aan 'n SARS-dienssentrum oorweeg. Indien belastingpligtiges

’n dienssentrum moet besoek, kan hulle ’n afspraak maak aanlyn op die SARS-webwerf; deur 0800 00 7277 te skakel en opsie 0 te kies; of deur ’n SMS na 47277 te stuur met die woord “Booking” gevolg deur ’n ID- of paspoortnommer. Alhoewel belastingpligtiges aangemoedig word om afsprake te maak voor hulle ’n dienssentrum besoek, sal diegene sonder ’n afspraak ná diegene met ’n afspraak gehelp word.

Om te demonstreer hoe die hele stelsel werk, het SARS sy volledige reeks digitale en persoonlike dienskanale ten toon gestel en getoon hoe belastingpligtiges hulp kan kry of opgawes kan indien sonder om ’n dienssentrum te besoek. ’n Regstreekse eFiling-demonstrasie het uitgelig hoe vooraf-voltooide opgawes aanlyn indiening vinnig en eenvoudig maak.

Die SARS MobiApp is ten toon gestel vir gerieflike mobiele indiening, tesame met Lwazi, SARS se KI-assistent, wat algemene vrae beantwoord en gebruikers met basiese kwessies help. SARS het ook sy kontaksentrum en WhatsApp-diens (0800 11 7277) as toeganklike ondersteuningsopsies uitgelig. Die aanlyn navraagstelsel (SOQS) stel belastingpligtiges in staat om navrae in te dien, dokumente op te laai, ’n belastingnommer aan te vra en toegang tot ander dienste te verkry — vanuit die gemak van hulle eie huise. Hierdie kanale verminder die behoefte aan fisiese besoeke en bied belastingpligtiges meer buigsame maniere om hul belastingsake te bestuur.

SARS het beklemtoon dat derdepartydata van werkgewers, finansiële instellings, mediese fondse, aftreefondse en ander bronne die ruggraat van hierdie jaar se belastingseisoen vorm. Akkurate, tydige indiening deur hierdie verskaffers stel SARS in staat om opgawes vooraf te voltooi en outo-aanslae vroeg uit te reik. As ’n dataverskaffer inligting ná 1 Julie bywerk of regstel kan ’n belastingpligtige se aanvanklike aanslag dienooreenkomstig verander. Sodra SARS alle derdepartydata ontvang en verwerk het, genereer dit kennisgewings van aanslag (ITA34’s) vir kwalifiserende belastingpligtiges. Diegene wat hul outo-aanslae aanvaar, hoef nie opgawes in te dien nie, en as terugbetalings verskuldig is en alles in orde is, sal hulle dit binne 72 uur ontvang. Hulle sal ook verwag word om te betaal as hulle geld aan SARS verskuldig is. Ander belastingpligtiges kan intussen regstellings deur eFiling of die MobiApp indien, indien nodig.

SARS loods ook webinare, inligtingsvideo’s en regstreekse V&A-sessies om duidelikheid te gee oor wie outo-aangeslaan sal word; hoe om ’n ITA34-kennisgewing na te gaan; en hoe om ’n opgawe in te dien indien nodig. SARS dring aan op ’n digitaal-eerste benadering: gebruik eFiling, die MobiApp en ander selfdiensopsies waar moontlik; maak seker dat persoonlike besonderhede en bankbesonderhede op datum

is om spoedige terugbetalings te fasiliteer; vermy onnodige besoeke aan die dienssentrum; en moenie wag tot die sperdatums nie.

SARS is ook bewus daarvan dat een van die grootste bronne van onsekerheid by belastingpligtiges tydens die belastingseisoen oor terugbetalings is. SARS wil hê belastingpligtiges moet verstaan dat ’n terugbetaling nie sonder rede vertraag word nie, en ’n vertraging dui nie outomaties op ’n probleem nie. Daar is wettige en noodsaaklike redes vir sekere prosedures, insluitend verifiëringsprosesse, om die akkuraatheid van die verstrekte inligting te verseker. Hierdie redes kan insluit: teenstrydighede in bankbesonderhede; onlangs-gewysigde bankrekeninge; uitstaande belastingverpligtinge van vorige jare; of laat regstellings wat deur derdepartydataverskaffers ingedien is nadat ’n aanvanklike aanslag reeds uitgereik is.

Dr. Makhubu het beklemtoon dat “belastingnakoming beide ’n wetlike verpligting en ’n burgerlike plig is; dit maak die bou van ’n bekwame staat moontlik wat openbare dienste en infrastruktuur finansier waarop ons almal staatmaak. Ons verstaan dat die belastingseisoen meer as net sperdatums en vorms behels; dit gaan oor die skep van sekerheid, die vermindering van onnodige moeite en die ondersteuning van belastingpligtiges om op ’n manier te voldoen wat makliker, vinniger en meer vaartbelyn is.

SARS het verlede jaar meer as R35 miljard tydens die belastingseisoen uitbetaal. As ’n terugbetaling verskuldig is, sal dit **binne 72 uur uitbetaal** word as alles in orde is. Ek doen ’n beroep op belastingpligtiges om eerlik in hul verklaring te wees”.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

Hier onder is skakels tot bykomende inligting.

- https://www.sars.gov.za/keshnees-story/
- https://www.sars.gov.za/davids-story/
- https://www.sars.gov.za/ntombis-story/
- https://www.sars.gov.za/thatos-story/
- https://www.sars.gov.za/carols-story/
- https://www.sars.gov.za/the-full-journey/

**EINDE**